# Gr 9 Afrikaans Eerste Addisionele Taal
# Kwartaal Oorsig

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kwartaal 1 | **Konteks: Multi-media**<br>**Week: 1 - 4**<br><br>Lu 1 Luister As 2<br>Lu 2 Lees As 2,4<br>Lu 3 Lees en Kyk As 3,5,6<br>Lu 4 Skryf As 2,3,5<br>Lu 5 Dink en Redeneer As 2,3<br>Lu 6 Taalstrukture As 4,6 | **Konteks: Drama**<br>**Week: 5 - 9**<br><br>Lu 1 As 2,4<br>Lu 2 As 2,3,4<br>Lu 3 As 1,6,9<br>Lu 4 As 4,6,7<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 As 2,4,5,6 | **Konteks: Gedigte**<br>**Week: 10 - 11**<br><br>Lu 1 As 2,4<br>Lu 2 As 3,5<br>Lu 3 As 2,6,9<br>Lu 4 As 4,6<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 As 7,8 |
| Kwartaal 2 | **Konteks: Tekste van ander Leerareas**<br>**Week: 1 - 4**<br><br>Lu 1 As 3<br>Lu 2 As 2,4<br>Lu 3 As 1,4,7,8,9<br>Lu 4 As 1,6<br>Lu 5 As 1,3<br>Lu 6 As 1,7,8,9 | **Konteks: Multi-media**<br>**Week: 5 - 8**<br><br>Lu 1 As 2<br>Lu 2 As 2,4<br>Lu 3 As 3,5,6<br>Lu 4 As 2,3,5<br>Lu 5 As 2,3<br>Lu 6 As 4,6 | **SAT**<br>**Week 9 -11** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kwartaal 3 | **Konteks: Multi-media**<br>**Week: 1 - 3**<br><br>Lu 1 As 2<br>Lu 2 As 2,4<br>Lu 3 As 3,5,6<br>Lu 4 As 2,3,5<br>Lu 5 As 2,3<br>Lu 6 As 4,6 | **Konteks: Gedigte**<br>**Week: 4 - 5**<br><br>Lu 1 As 2,4<br>Lu 2 As 3,5<br>Lu 3 As 2,6,9<br>Lu 4 As 4,6<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 As 7,8 | **Konteks: Stories/Novelle/Fabel**<br>**Week: 6 - 10**<br><br>Lu 1 As 1,2,4<br>Lu 2 As 1,3,5<br>Lu 3 As 1,6,7,8<br>Lu 4 As 4,6,7<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 As 1,3,7,9 |
| Kwartaal 4 | **Konteks: Gedigte**<br>**Week: 1 - 3**<br><br>Lu 1 As 2,4<br>Lu 2 As 3,5<br>Lu 3 As 2,6,9<br>Lu 4 As 4,6<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 As 7,8 | **Konteks: Drama**<br>**Week: 4 - 7**<br><br>Lu 1 As 2,4<br>Lu 2 As 2,3,4<br>Lu 3 As 1,6,9<br>Lu 4 As 4,6,7<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 As 2,4,5,6 | **EAT**<br>**Week 8 -10** |

**Onthou**: Formele take moet vooraf gegaan word deur ‘n informele taak.

# Lesplan

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal** **Konteks**: Gedigte

| **Tyd:** 3 weke | | | **Graad: 9** |
|---|---|---|---|
| **ONDERWYSER AKTIWITEIT** | **LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| **Lu 1 Luister As 2,4**<br><br>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos geselsprogramme, tekste met statistiek):<br><br>• beantwoord vrae;<br>• vertel oor en som op;<br>• identifiseer standpunt/perspektief en is in staat om 'n alternatiewe standpunt te gee;<br>• **ontleed die kenmerke** van verskillende soorte mondelinge tekste (soos 'n gesprek, 'n verhaal).<br><br>As 4 **Luister aandagtig tydens 'n bespreking**:<br><br>• **is ontvanklik vir idees en is krities teenoor ander se standpunte, maar toon respek;**<br>• **vra vir bydraes van ander en reageer op** | **Nota aan onderwyser**: *(Sien jou Prov Ass Guideline bl. 22)*<br><br>Onthou Taak 6 van die vorige kwartaal moet eers afgehandel word.<br><br>Kyk na jou leerders se portefeulje en kyk of daar enige uitstaande take is. Gee hul tyd om die uitstaande take te voltooi.<br><br>Aktiwiteit 1<br><br>Enkele gedagtes by die behandeling van gedigte<br><br>1. Moenie net die antwoorde afdruk of op die bord skryf of voorlees aan leerders nie<br>2. Laat leerders toe om hul eie menings te vorm en hul eie besprekings te hou<br>3. Moedig die leerders aan om ander gedigte wat by die tema aansluit ook te lees.<br>4. Laat toe dat leerders hul eie gedigte skryf | Onderwyser | In alle gevalle<br><br>Leerders het 'n **afskrif** (fotostaat) van die betrokke gedigte wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **standpunte;**<br><br>• is bereid om ander se standpunte te bevraagteken, maar doen dit op 'n hoflike wyse en onderbreek nie;<br><br>• **kritiseer idees en nie die persoon nie**<br><br>**<u>Lu 2 Praat  As 3,5</u>**<br><br>As 3  Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.<br><br>As 5 Word deur iemand ondervra (soos in 'n werksonderhoud):<br><br>• voorspel die vrae wat gevra gaan word en doen voorbereiding;<br><br>• beantwoord vrae;<br><br>• gebruik die gepaste toon, register en liggaamstaal.<br><br>**<u>Lu 3 Lees en Kyk  As 2,6,9</u>**<br><br>As 2  **Verstaan sommige elemente van poësie (soos metafoor, ritme):**<br><br>• verstaan begrippe wat gebruik word om sommige van hierdie elemente te beskryf (soos metafoor).<br><br>As 6  Gebruik leesstrategieë:<br><br>• vluglees tekste - identifiseer die onderwerp, kerngedagtes en bladuitlegtegnieke (soos | <u>Aktiwiteit 2</u> **(**Digterswerkswinkel)<br><br>Moenie net  die gedigte behandel deur dit te bespreek en te ontleed nie.  Die leerders moet die kans kry om daaroor te praat en te skryf.<br><br>Het jy as onderwyser al ooit daaraan gedink om 'n **digterswerkswinkel** in die klas te hou?<br><br>Deel die klas in groepe van 4 tot 5 leerders.  Laat die leerders toe om hul eie gedigies te skryf.  Leerders lees dit twee keer aan mekaar voor.<br><br>Laat hulle mekaar se werk kritiseer.  Vra die skrywers van die gedig wat voorgelees word of alles werklik nodig is.  Kyk of die beskrywing nie te vaag en algemeen is nie.  Dit is beter om 'n presiese oomblik of gevoel te beskryf.<br><br>Vra spesifiek:  "Waarom het jy die woord of beeld gekies?" Vra ook:  "Wat was die oorsprong van jou gedig?  Hoe het jy op die idée gekom?"<br><br>Vra vrae oor onduidelikhede:" Wat presies bedoel jy hiermee? Lees weer daardie een strofe oor."<br><br>Wat presies het jou as leser getref?  Skryf dit neer sodat die skrywer uiteindelik drie of vier verskillende leerders uit die groep se kommentaar het as of sy begin skaaf aan die gedig.<br><br>Dit is baie belangrik dat die leerders hul gedigte redigeer en hersien.  Dit help gewoonlik om die gedig 'n paar dae te laat lê en dan weer daarna te kyk.<br><br>Neem die beste gedigte en tik dit oor en stel 'n bloemlesing saam.  Plak van die gedigte op teen die klaskamermure.  Laat die skrywers van die gedigte dit voorlees tydens die saalbyeenkoms.  Laat dit 'n kwartaalikse gebeurtenis word.  Of hou 'n "*Poetry jam"* een keer 'n week. | Self/leerder<br><br>portuurassessering<br><br>digterswerkswinkel<br><br>groepwerk<br><br>Aanbieding<br><br>kompetisie | pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik 'n **glimpen** *("highliter")* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br>**<u>Leerders met 'n spraakgebrek</u>**<br><br>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer.  Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder  te akkommodeer<br><br>**<u>Skryfprobleme</u>**<br><br>Hou jou sinne kort<br><br>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf<br><br>Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.<br><br>Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite.  Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus |

| | | | |
|---|---|---|---|
| illustrasies);<br><br>• pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe;<br><br>• ontwikkel en evalueer leesspoed;<br><br>• gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende woorde; kyk na illustrasies/diagramme; bespreek 'n woord in die huistaal<br><br>As 9 Demonstreer 'n leeswoordeskat van 6 000 tot 7 500 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 7 500 woorde te mik.<br><br>**Lu 4 Skryf As 4,6**<br><br>As 4 Skryf skeppend:<br><br>• vertaal verhale (en ander tekste) uit die huistaal, probeer om die taalidioom daarin te vervat en let op hoe dit (en dikwels ook waardes) in twee tale kan verskil;<br><br>• **toon ontwikkeling in die skryf van** stories, **gedigte** en toneelstukke.<br><br>As 6 Benader skryf as 'n proses:<br><br>• **skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek eie skryfwerk krities;**<br><br>• **gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf;**<br><br>• **gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer; evalueer** ontwerp | Aktiwiteit 3<br><br>Waar moet die onderwyser/leerder begin om 'n gedig te verstaan?<br><br>Begin altyd by die titel van die gedig. Die onderwyser sal aan die leerders voorlees. Leerders **luister** aandagtig en volg terwyl die onderwyser hardop lees.<br><br>Die leerders merk woorde wat hy gaan naslaan met 'n glimpen en slaan die betekenisse in 'n woordeboek na al dink hy dat hy 'n woord verstaan.<br><br>Die onderwyser moet baie fokus in die voorafverduideliking op woordeskat *(bv streektaal*) en gebruiksafkortings.<br><br>Aktiwiteit 4 (Onderrigstrategie-Rondomtalie)<br><br>Laat die leerders kyk na die gedig as 'n geheel.<br><br>Verdeel die klas in groepe van vier. Laat elke groep fokus op 'n spesifieke aspek/vraag wat jy as onderwyser aan hulle groep gestel het. *(Onthou dat die groeplede individuele response neerskryf en dan aanstuur na 'n ander groeplid wat moet byvoeg sonder om te herhaal wat reeds daarop staan, totdat dit weer by die oorspronklike groeplid beland. Dit is ideaal vir 'n dinkskrum, versameling van idees en hersiening)*<br><br>Voorbeelde van vrae: Watter leestekens en skryftekens is gebruik? Waarom het die digter nuwe woorde geskep? Watter sintuie gebruik die digter? Watter rol speel die spasiëring van woorde? Word sekere dinge herhaal? Is daar 'n dieper betekenis of boodskap in die gedig?<br><br>Die groep moet terugrapporteer met moontlike antwoorde voordat jy as onderwyser hul lei in die regte rigting. | Onderwyser<br><br>self<br><br>Rondomtalie<br><br>groepwerk | net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Verkort die aktiwiteit<br><br>**Swak siende**: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter *font* gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.<br><br>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.<br><br>Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv. braille<br><br>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv |

| | | | |
|---|---|---|---|
| en bladuitleg.<br><br>**Lu 5 Dink en Redeneer As 2**<br><br>As 2 Gebruik taal om te dink:<br><br>• stel en beantwoord meer komplekse vrae;<br>• brei veralgemenings, definisies en klassifikasies uit na paragrawe;<br>• dink aan voorbeelde om algemene stellings te staaf;<br>• skryf lang beskrywings met voorbeelde;<br>• verstaan en gebruik bewyse wat 'n teorie of argument staaf (soos wetenskaplike bewyse);<br>• maak gevolgtrekkings.<br><br>**Lu 6 Taalstrukture As 7,8**<br><br>As 7 Brei woordeskat uit:<br><br>• verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: gelede, verlede; deur, dier, duur; optel, oplaai);<br>• gebruik woorde wat ongeveer dieselfde beteken en woorde met teenoorgestelde betekenis;<br>• brei die gebruik van afleiding uit (soos: skrywer, verjaar);<br>• gebruik eenvoudige, alledaagse | Aktiwiteit 5 (ontleed 'n gedig – bv **"***Lied van die Kinders***"** deur Lina Spies)<br><br>Vra vrae soos: Hou die gedig verband met iets wat ek alreeds ken of van weet? (*Bv. Tweede Wêreldoorlog, dieremishandeling, pleegsorg, vigs – laat die leerders navorsing gaan doen oor 'n spesifieke gebeurtenis)*<br><br>Gebruik dus jou persoonlike ervaring of kennis om met inligting in die gedig te identifiseer en om te verduidelik waaroor die gedig handel. (*gedigte kan gebasseer wees op feite of fiksie)*<br><br>Soek vir stereotipering in die gedig<br><br>Aktiwiteit 6<br><br>Sorg dat leerders die volgende wel kan identifiseer in die betrokke gedigte*: rym, personifikasie, alliterasie, assonansie, metafoor, vergelyking*<br><br>Kan die leerders die doel en nut van bogenoemde verduidelik in die konteks?<br><br>Bv **Funksie van rym**<br><br>▪ Rym skep atmosfeer<br>▪ Belangrike woorde word in rymposisies geplaas<br>▪ Rym skep 'n opvallende klankpatroon<br><br>Kan jou leerders die verskillende soorte rym herken:<br><br>• Paarrym *aabb ccdd*<br>• Omarmende rym *abba cddc*<br>• Kruisrym *abab cdcd* | Groep/portuur<br><br>Self<br><br>klasbespreking<br><br><br><br><br><br><br><br>onderwyser | beskrywings en sketse)<br><br>In die klaskamer<br><br>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.<br><br>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.<br><br>Klaskameratmosfeer<br><br>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>**Sigbelemmerings:**<br>**L**eerders kan wisselende grade van problem met druk (lettertipes en lettergroottes) grafika en klei voorwerpe ondervind. Dit sal dan nodig wees vir getikte en/ of verbale uiteensetting nodig wees in die plek van visuele aanbiedings.<br><br>Alle visuele material moet ook van geskrewe verduidelikings/byskrifte voorsien wees. Wanneer visuele materiaal wel in die klas gebruik word, moet groot letters in **vetdruk** |

<table>
<tr>
<td>samestellings (soos: skooldas, koshuis);<br><br>• gebruik woordfamilies (soos: geluk, ongeluk, gelukkig, ongelukkig);<br><br>• gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek.<br><br>As 8 Demonstreer begrip van 4 000 tot 6 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 9. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer woorde te mik.</td>
<td>• Gebroke rym abcd edfa<br><br><u>Aktiwiteit 7</u><br><br>Laat die leerders hul kennis van gebare, gesigsuitdrukking en liggaamshouding die gedig gevoelvol voordra. Die Kuns en Kultuur onderwyse(res) kan die leerders assesseer.<br><br><u>Aktiwiteit 8</u><br><br><u>Vir die onderwyser</u>: Kyk in die kolom hier aan die linkerkant onder die opskrif Lu en Ass. Kyk nou onder Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik As 7-8<br><br>Watter van hierdie taalaspekte het jy vanjaar nog nie deeglik bespreek en behandel nie? Fokus veral op die aspekte waarmee jou leerders sukkel. Raadpleeg jou taalhandboek .</td>
<td>Voordrag/ dramatisering<br><br>Kundige van buite of ander onderwyser(es) van ‘n ander leerarea</td>
<td>gebruik word.<br><br>Gehoorbelemmerings<br><br>Leerders kan verskillende grade van gehoorgestremdheid hê. Om sulke leerders te help moet stapsgewyse demonstrasies/visuele material/gebaretaal voorsien word wanneer die onderwyser mondelinge opdragte gee.<br><br>Leerders kan hulle lyftaal, dramatiserings en mimiek gebruik in die plek van woorde.<br><br>Maak gebruik van die maatsisteem waar leerders sonder gehoorprobleme maats met gehoorbelemmerings kan help<br><br>Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.<br><br>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word</td>
</tr>
<tr>
<td colspan="4">Hulpmiddels: Prente, Liedjies, Woordeboek, Skryfbord, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte,TV , videobande, tydskrifte<br><br>Nabetragting:</td>
</tr>
</table>

# LESPLAN

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal** **Konteks**: Drama

| **Tyd:** 4 weke | | | **Graad: 9** |
|---|---|---|---|
| **ONDERWYSER AKTIWITEIT** | **LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| **Lu 1 Luister As 2,4**<br><br>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos geselsprogramme, tekste met statistiek):<br><br>• beantwoord vrae;<br>• vertel oor en som op;<br>• identifiseer standpunt/perspektief en is in staat om 'n alternatiewe standpunt te gee;<br>• ontleed die kenmerke van verskillende soorte mondelinge tekste (soos 'n gesprek, 'n verhaal).<br><br>As 4 Luister aandagtig tydens 'n bespreking:<br><br>• is ontvanklik vir idees en is krities teenoor ander se standpunte, maar toon respek;<br>• vra vir bydraes van ander en reageer op standpunte;<br>• is bereid om ander se standpunte te bevraagteken, maar doen dit op 'n hoflike | **Nota aan onderwyser** **Nota aan onderwyser**: *(Sien jou Prov Ass Guideline bl. 22)*<br><br>Onthou taak 6 van die derde kwartaal moet nou behandel word. Enige uitstaande take wat nog gedoen moet word moet nou afgehandel word.<br><br>Berei jou leerders voor op die moontlike tipe tekste wat hulle te wagte kan wees.<br><br>Laat jou leerders hul kort Transaksionele en Funksionele tekste oefen. *(Gewoonlik in gr 12 is dit die Afdeling C Vraestel 3 waar die leerders die swakste in vaar)*<br><br>Aktiwiteit 1<br><br>Dramas kan in 3 groepe ingedeel word, naamlik die televisiedrama en rolprente, die radiodrama (hoorspel) en die verhoogdrama.<br><br>'n Drama word opgevoer/speel op 'n verhoog. Daar is dekor en onthou plekke en karakters kan nie beskryf word nie, die gehoor moet dit uit hulle dialoog en handeling aflei. Elke woord, gebaar en handeling moet funksioneel wees.<br><br>Voorbeelde van die verskillende dramas moet aan die leerders | Onderwyser verduidelik of vaslegging of hersiening<br><br>Vrae en antwoorde | In alle gevalle<br><br>Leerders het 'n **afskrif** (fotostaat) van die betrokke gedigte wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel |

| | | | |
|---|---|---|---|
| wyse en onderbreek nie;<br><br>• kritiseer idees en nie die persoon nie<br><br>**<u>Lu 2 Praat As 2,3,4</u>**<br><br>As 2 Voer interaksie in die addisionele taal:<br><br>• gebruik taal vir 'n verskeidenheid funksies: rig vriendelike versoeke en vra persone om nie weer dinge te doen nie (soos: Sal jy omgee om nie …), vra raad van vriende of vreemdelinge (soos: Verskoon my, ek wonder of …);<br><br>• neem deel aan rolspel in verskillende situasies wat verskillende soorte taalgebruik behels (soos 'n werksonderhoud).<br><br>As 3 Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.<br><br>As 4 Debatteer sosiale en etiese kwessies deur oorredend te argumenteer en krities te reageer:<br><br>• *ken spesifieke rolle toe (soos voorsitter, tydhouer, sekretaris);<br><br>• betrek ander by die bespreking (soos: Wat dink jy hiervan?);<br><br>• onderbreek die gesprek op 'n hoflike wyse (soos: Verskoon my …);<br><br>• gee eie mening en redes daarvoor (soos: Ek sê dit, want …);<br><br>• toon instemming (soos: Ek stem saam, | voorgehou word.<br><br><u>Aktiwiteit 2</u> (**luisteroefening**)<br><br>Luister na die radiodrama op RSG of neem dit op en laat die leerders daarna luister.<br><br>Die karakters in ‘n radiodrama moet deur middel van steemkontraste en spraakpatroonverskille onderskei word.<br><br>Die enigste “hulp” wat die radiodrama kan gebruik, is klank: dialoog, musiek en byklanke. Selfs stiltes kan effektief gebruik word. Atmosfeer word ook so geskep.<br><br>Laat die klas na een so episode van die radiovervolgverhaal luister op RSG om 14:45 elke middag. Speel dit vir hulle voor. Laat die klas die volgende 3 episodes skryf en opvoer soos ‘n radiodrama met byklanke. *(groepe moet nie groter wees as 4 nie)*<br><br>**Hoe goed kan jy luister?**<br><br>Waarsku die leerders vooraf dat hulle na ‘n episode van radiovervolgverhaal gaan luister en daarna ‘n aantal vrae daaroor moet beantwoord.<br><br>Jy as onderwyser hoef nie in hierdie stadium moeilike woorde aan die leerders te verduidelik nie.<br><br>Laat die leerders die vrae beantwoord. Gee jou boek vir jou maat om te merk. Verkry die antwoorde deur middel van ‘n klasgesprek . Die leerders moet elke keer motiveer waarom ‘n bepaalde antwoord reg of verkeerd is.<br><br>Of<br><br>Gee die leerders eers die geleentheid om in groepe van 6 te besluit (met motivering) wat die beste antwoorde is. Daarna sien hulle hul werk na terwyl jy as onderwyser die antwoorde, | Luisteroefening<br><br>Klasgesprek<br><br>Self nasien/ selfevaluering | Gebruik ‘n **glimpen** *(“highliter”)* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br>**Gehoorbelemmerings**<br><br>Leerders kan verskillende grade van gehoorgestremdheid hê. Om sulke leerders te help moet stapsgewyse demonstrasies/visuele material/gebaretaal voorsien word wanneer die onderwyser mondelinge opdragte gee.<br><br>Leerders kan hulle lyftaal, dramatiserings en mimiek gebruik in die plek van woorde.<br><br>Maak gebruik van die maatsisteem waar leerders sonder gehoorprobleme maats met gehoorbelemmerings kan help |

| | | | |
|---|---|---|---|
| want …) en meningsverskil (soos: Ja, maar …);<br>• wissel tale af, indien die situasie dit vereis<br><br>**<u>Lu 3  Lees en Kyk As 1,6,9</u>**<br><br>As 1 Verstaan en waardeer stories, asook dié wat deur medeleerders vertel word.<br>• reageer persoonlik en krities, stel en beantwoord vrae;<br>• evalueer die manier waarop die storie vertel is en gee terugvoering.<br><br>As 6  Gebruik leesstrategieë:<br>• vluglees tekste - identifiseer die onderwerp, kerngedagtes en bladuitlegtegnieke (soos illustrasies);<br>• pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe;<br>• ontwikkel en evalueer leesspoed;<br>• gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos:  lees omringende woorde;  kyk na illustrasies/diagramme;  bespreek 'n woord in die huistaal<br><br>As 9  Demonstreer 'n leeswoordeskat van 6 000 tot 7 500 alledaagse woorde.  Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 7 500 woorde te mik.<br><br>**<u>Lu 4 Skryf As 4,6,7</u>** | moeilike begrippe en onbekende woorde met  jou leerders bespreek.<br><br>Maniere waarop ‘n mens jou luistervermoë kan verbeter:<br>▪ Maak kort aantekeninge,  veral van moeilike name wat jy dalk sal vergeet<br>▪ Maak jou oë toe om beter te kan konsentreer<br>▪ Seker woorde saggies agterna te sê<br><br>Waarsku die leerders dat jy later in die kwartaal weer hul luistervermoë gaan toets om vas te stel of hulle luistervermoë verbeter het.<br><br><u>Aktiwiteit 3</u><br><br>Nuwe woorde moet op **flitskaarte (***ja - ook in die gr 9 klas)* met en sonder prentjies in die klas uitgestal word.  Woordeskat moet ook verduidelik word wanneer daar gelees word.<br><br>Die leerder moet sy eie woordeboek saamstel met daaglikse nuwe woordeskat (sommer agter in sy A-4 hardebandboek)<br><br><u>Aktiwiteit 4</u> (boekomslag en flaptekste)<br><br>Bring ‘n paar boekomslae van die biblioteek klas toe.  Laat die leerders onderskei tussen boekomslae vir fiksie en nie-fiksie boeke.  (bv boek oor Slange en Reptiele in die Sahara woestyn is nie-fiksie, maar  ‘n titel soos *Gita die slang van die Laan* is beslis fiksie)<br><br>Laat die leerders die boekomslae en flaptekste lees en dan die volgende vrae beantwoord.<br>✓ Watter inligting gee die titel oor die drama, verhaal of nie-fiksie? | Flitskaarte<br><br>Toets woordeskat<br><br>Onderwyser<br><br>Eie woordeboek<br><br><br>Klasgesprek<br><br>Bespreek boekomslae | Neem die pas ‘n bietjie stadiger en “scaffold” die aktiwiteite.  Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Verkort die aktiwiteit<br><br>**<u>Swak siende</u>**:  Hierdie leerder moet voor in die klas sit.  Onderrigmiddele moet aangepas word.  Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter *font* gedruk word. Of plaas die opdrag op band.  Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees.  Gee vir die leerder ook meer tyd.<br><br>Lees die materiaal vir hom voor.  Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei.  Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| As 4 Skryf skeppend:<br><br>• vertaal verhale (en ander tekste) uit die huistaal, probeer om die taalidioom daarin te vervat en let op hoe dit (en dikwels ook waardes) in twee tale kan verskil;<br><br>• toon ontwikkeling in die skryf van stories, gedigte en toneelstukke.<br><br>As 6 Benader skryf as 'n proses:<br><br>• skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek eie skryfwerk krities;<br><br>• gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf;<br><br>• gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer; evalueer ontwerp en bladuitleg.<br><br>As 7 Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:<br><br>• toon begrip van styl en register (soos herskryf 'n verhaal as 'n koerantberig);<br><br>• toon begrip van die inligtingstruktuur van tekste;<br><br>• skryf samehangende, langer skryfstukke met 'n inleidende en slotparagraaf;<br><br>• evalueer eie houding krities;<br><br>• begin verstaan hoe eie skryfwerk die leser posisioneer. | ✓ Hoekom is die spesifieke lettertipe (styl/font) gebruik?<br><br>✓ Laat die leerders voorspel wat in die verhaal gaan gebeur na aanleiding van die illustrasie op die voorblad<br><br>✓ Wat sê die buiteblad omtrent die boek se teikengroep? *Op watter geslag, ouderdom en kultuur is dit gemik?)*<br><br>✓ Wanneer jy na die illustrasie kyk, kan jy aflei waaroor die storie gaan?<br><br>✓ Watter soort verhaal word deur die illustrasie voorgestel?<br><br>✓ Watter karakter dink jy is die belangrikste? Verduidelik sy liggaamshouding, klere en gesigsuitdrukking.<br><br>Aktiwiteit 5 (**maak 'n collage**)<br><br>Laat die leerders artikels of visuele material soek wat met die tema, karakters, omgewing of gebeure van die storie verband hou. Laat die leerders 'n collage maak. Leerders kan self 'n karakter teken. Laat die leerders kommentaar lewer oor mekaar se pogings.<br><br>Aktiwiteit **6 (Groepwerk: nommer-'n-kop strategie)**<br><br>Verdeel jou klas in groepe van 4 elk. Elke leerder kry 'n nommer. (1 tot 4) Aan die einde van die groeptaak vra die onderwyser byvoorbeel al die 3's om terugvoering te gee.<br><br>Gee ook vir elke groep 'n verskillende taak om te doen.<br><br>**Groep 1**<br><br>Hierdie groep moet fokus op karakteruitbeelding. Nadat die | Collage<br><br>Portuurassessering<br><br>Groepwerk<br><br>Terugrapportering | Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv. braille<br><br>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)<br><br>Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.<br><br>**Sigbelemmerings:**<br>**L**eerders kan wisselende grade van problem met druk (lettertipes en lettergroottes) grafika en klei voorwerpe ondervind. Dit sal dan nodig wees vir getikte en/ of verbale uiteensetting nodig wees in die plek van visuele aanbiedings.<br><br>Alle visuele material moet ook van geskrewe verduidelikings/byskrifte voorsien wees. Wanneer visuele materiaal wel in die klas gebruik word, moet groot letters in **vetdruk** gebruik word. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lu 5 Dink en Redeneer As 2**<br><br>As 2 Gebruik taal om te dink:<br><br>• stel en beantwoord meer komplekse vrae;<br>• brei veralgemenings, definisies en klassifikasies uit na paragrawe;<br>• dink aan voorbeelde om algemene stellings te staaf;<br>• skryf lang beskrywings met voorbeelde;<br>• verstaan en gebruik bewyse wat 'n teorie of argument staaf (soos wetenskaplike bewyse);<br>• maak gevolgtrekkings.<br><br>**Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik As 2,4,5**<br><br>As 2 Gebruik verskillende taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:<br><br>• alledaagse meervouds-, geslags- en verkleiningsvorme;<br>• alledaagse voorsetsels in vaste en vrye verbindings;<br>• algemeen gebruikte adjektiewe (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme);<br>• voornaamwoorde: persoonlik, besitlik, betreklik, vraend en onbepaald; | klas die drama klaar behandel het *(deur veral op te let na dialoog, handeling en konflik)* moet groep 1 verduidelik hoe die karakters optree in krisesituasies.<br><br>**Groep 2**<br><br>Hierdie groep moet bepaal of die dialoog geslaagd is en effektief aangewend word. Wat vertel die dialoog vir ons van die persoonlikheid van elke karakter.<br><br>**Groep 3**<br><br>Wat is die tema van die drama? Word lewenswaardes duidelik uitgebeeld?<br><br>**Groep 4**<br><br>Kon die gebeure duidelik voorspel word of was dit onvoorspelbaar? Was die spanningslyn altyd daar? Hierdie groep moet fokus op oorsaak en gevolg.<br><br>**Groep 5**<br><br>Hierdie groep moet kyk of die kleredrag, taalgebruik en gewoontes by die omgewing aansluit. Is die tydsverloop chronologies? Hoe beïnvloed die omgewing die karakters en gebeure?<br><br>Gee die groepe genoeg tyd om bewyse vir hul vrae te vind. Groepe moet daarteen waak om die storielyn van die drama oor te vertel. Die leerders moet kan motiveer as hulle ‘n bepaalde stelling maak en dit kan aanvoer met die nodige bewyse.<br><br>As al die groep die volgende dag moet terugrapporteer wys die klas daarop dat hulle eintlik besig is om die kenmerke van ‘n drama te bespreek. | | **Begaafde leerders** moenie verwaarloos word nie.<br><br>**Begaafde leerders** se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word |

| | | | |
|---|---|---|---|
| • determineerders (soos: 'n, die) en telwoorde (soos: vyftien, laaste);<br><br>• soorte sinne (stelsin, vraagsin, bevelsin, uitroep);<br><br>• enkelvoudige sinne met 'n onderwerp, gesegde, voorwerp en bepalings;<br><br>• die gebruik van teenwoordige-, verlede- en toekomendetydsvorm;<br><br>• alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (tyd, wyse, plek);<br><br>• die ontkennende vorm (soos: Moenie dit doen nie; Ons was nog nie daar nie);<br><br>• die verbinding van sinne met voegwoorde en betreklike voornaamwoorde met die korrekte woordorde;<br><br>• die korrekte gebruik van "wanneer", "toe", "dan" in die verskillende tye;<br><br>• die gebruik van voorwaardelike sinstrukture (soos: As ek nie die motor gesluit het nie, sou hulle dit gesteel het);<br><br>• die gebruik van hulpwerkwoorde in beleefde versoeke (soos: Mag ek jou uitveër leen?);<br><br>• eenvoudige voorbeelde van die aktiewe (bedrywende) en passiewe (lydende) vorm;<br><br>• die direkte en indirekte rede op 'n eenvoudige vlak;<br><br>• leestekens (punt, komma, dubbelpunt, | Aktiwiteit 7 (**dagboekinskrywing)**<br><br>Een van jou karakters ly aan 'n ongeneeslike siekte. *(nie varkgriep nie)* Laat die leerders hulle lei deur die gebeure in die drama en hulle self begin indink in die karakter se situasie.<br><br>Die leerders moet sy gedagtes van sy laaste week op aarde in die *hospice of* intensiewe eenheid in sy dagboek neerskryf. (Gaan kyk die dvd "*Attonement* " of "*The English Patient"* of "*The Last King of Scotland*" vir idees of inspirasie – hang af met watter karakter jy identifiseer)<br><br>Onthou dat 'n dagboekinskrywing 'n persoonlike verslag van jou eie ervarings, gedagtes en emosies is. Die verslag is vir elke dag en dit is kort en bondig. Wees opreg oor dit wat jy in jou dagboek skryf.<br><br>Onthou die volgende:<br><br>➢ Gebruik 'n informele styl<br><br>➢ Skryf die datum en die dag bo-aan die inskrywing<br><br>➢ Skryf in die eerstepersoon *(Ek het vandag 'n hele bakkie hawermout geëet..)*<br><br>Gee jou skryfstuk vir jou maat om deur te lees voordat jy dit inhandig vir die onderwyser om te merk.<br><br>Aktiwiteit 8 (**skryf 'n poskaart**)<br><br>Jy is die hookarakter wat gevlug het na 'n ander land. Stuur 'n poskaart huis toe. Vertel hoe dit met jou gaan en waarmee hou jy jouself besig. *(dink aan Dirk Prinsloo in Rusland)*<br><br>Onthou geen SMS-taal nie. Korrekte gebruik van leestekens | Dagboekinskrywing<br><br>Onderwyser merk dit<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>Poskaart<br><br>portuurassessering | In die klaskamer<br><br>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.<br><br>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.<br><br>Klaskameratmosfeer<br><br>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>**Skryfprobleme**<br><br>Hou jou sinne kort<br><br>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf |

| | | | |
|---|---|---|---|
| vraagteken, uitroepteken, aanhalingstekens, hakies).<br><br>As 4 Brei woordeskat uit:<br><br>• verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: verveeld, vervelig; aand, nag; spieël, speel; help, hulp);<br><br>• toon taalgevoeligheid vir woorde (soos: *jy/julle* teenoor *u; mond* teenoor *bek; maag* teenoor *pens*);<br><br>• gebruik enkele vergelykings (soos: so dood soos 'n mossie; so arm soos 'n kerkmuis; so koel soos 'n komkommer);<br><br>• gebruik een woord vir 'n omskrywing (soos: 'n plek waarheen siek mense gaan - 'n hospitaal; messe, vurke, lepels - eetgerei; wortels, boontjies, patats, mielies - groente);<br><br>• gebruik voor- en agtervoegsels om nuwe woorde te vorm (soos: bedags, weekliks, onskuldig);<br><br>• brei gebruik van samestellings uit (soos: lewe + verhaal = lewensverhaal);<br><br>• ondersoek temagerigte woorde (soos woorde wat met die liefde verband hou) en woordfamilies (soos: outobank, outomaties, outobiografie);<br><br>• Gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek en 'n tesourus.<br><br>As 5 Demonstreer begrip van 6 000 tot 8 000 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die | en spelling is steeds belangrik.<br><br>Pasop vir kort sinne. Sinne kan en moet beskrywend wees, maar vermy ook lang, uitgerekte sinne.<br><br>Die inhoud is gewoonlik 60-80 woorde. Jou toon is informeel aangesien 'n poskaart gewoonlik aan vriende of familie gestuur word.<br><br>Laat die leerders mekaar se poskaarte evalueer.<br><br><u>Aktiwiteit 9</u> **Opdrag: Stel 'n spreker voor**<br><br>Die leesboek "*Breinbliksem*" word nou verfilm. Die skrywer, Fanie Viljoen kom jul skool besoek. Een van julle leerders in die klas moet hom voorstel terwyl iemand anders die spreker moet bedank.<br><br>Laat die res van klas die gepaste kriteria op die kontrolelys afmerk terwyl die voorstelling en bedanking gedoen word.<br><br>Riglyne wanneer jy iemand moet voorstel:<br><br>✓ Die voorstelling moet kort wees<br><br>✓ Praat duidelik en hoorbaar<br><br>✓ Doen navorsing of vra vrae oor die persoon wat voorgestel word<br><br>✓ Praat direk, opreg en beleefd met die gehoor<br><br>✓ Verwelkom die spreker op 'n hartlike wyse<br><br>✓ Spreek die persoon se naam duidelik en korrek uit | Mondelinge aanbieding<br><br>Portuurassessering | **<u>Leerders met 'n spraakgebrek</u>**<br><br>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer |

| | | | |
|---|---|---|---|
| einde van graad 9. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer as 8 000 woorde te mik. | <u>Aktiwiteit 10</u><br><br><u>Vir die onderwyser</u>: Kyk in die kolom hier aan die linkerkant onder die opskrif Lu en Ass. Kyk nou onder Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik As 7-8<br><br>Watter van hierdie taalaspekte het jy vanjaar nog nie deeglik bespreek en behandel nie? Fokus veral op die aspekte waarmee jou leerders sukkel. Raadpleeg jou taalhandboek . | hersiening | |

Hulpmiddels:Leesboek, Prente, Liedjies, Woordeboek, Skryfbord, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte,TV , videobande

Nabetragting: